DIE HOËRSKOOL BELLVILLE
INLIGTINGSVORM

DIE HOËRSKOOL BELLVILLE

A PROSEDURE VIR TOELATING

1. Alle volledig voltooide inligtingsvorms, asook alle dokumentasie soos versoek by B (hieronder uiteengesit) kan elektronies gestuur word na rfabricius@hsbellville.co.za of u is welkom om ‘n harde kopie by ontvangs in te handig.
   Oorspronlike inligtingsvorm en dokumente moet ingehandig met aanvaarding.

B DOKUMENTE WAT INGEHANDIG MOET WORD SAAM MET U INLIGTINGSVORM

1. ‘n Gewaarmerkte afskrif van u kind se identiteitsdokument/geboortesertifikaat.
2. ‘n Gewaarmerkte rapport.
3. Indien daar geen broers en susters in die verlede by Hoërskool Bellville skool gegaan het nie, moet ‘n afskrif van ‘n munisipale rekening in u naam, as bewys van huidige vaste adres, die inligtingsvorm asseblief vergesel.

C TOELATINGSBELEID

1. Alle gewaarmerkte dokumentasie moet volledig ingehandig word.
2. Ouer(s)/wettige voog het ‘n positiewe verbintenis met die skool.
3. Voedingsarea bestaan uit voorstede wat deur die volgende paaie omgrens word:
   M12 Suid en Wes
   M13 Noord
   M15 Oos en Noord

D BAIE BELANGRIK

Indien u e-posadres verander, stel asseblief die skool onmiddellik in kennis.

DIE HOËRSKOOL BELLVILLE
INLIGTINGSVORM

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK	TOELATINGSNOMMER					GRAAD		TOELATINGSDATUM			SPORTGROEP	CEMISNOMMER

A. LEERDERINLIGTING

| | | | | | | | | | | | |

ONDERSTAANDE INLIGTING MOET ASB DEUR SKOOL BEVESTIG WORD!

D. SPORT (merk waar van toepassing)

	SKOOLSPAN (bv. A, B ens)			DEELNAME AAN PROEWE/STREEK	PROVINSIAAL	SA
	A	B	ANDER NOEM	RONDTES GEVORDER/ BYEENKOMS		
RUGBY						
KRIEKET						
HOKKIE						
NETBAL						
ATLETIEK						
GHOLF						
TENNIS						
SWEM						
PERDRY						
BERGFIETS						
BOOGSKIET						
TOUTREK						
PERDRY						
ANDER (noem)						

E. KULTUUR (merk waar van toepassing)

AKTIWITEIT (merk ✓) **DEELNAME**

	SKOOLSPAN (bv. A, B, ens)			DEELNAME AAN KOMPETISIES	PROVINSIAAL	SA
	A	B	ANDER NOEM	RONDTES GEVORDER		
DRAMA						
REDENAARS						
KOOR						
VCSV						
DANS/BALLET						
LANDSDIENS						
VOORTREKKERS						
SKAAK						
ORKES						
MUSIEK-INSTRUMENT						
ANDER (noem)						

F. OUERS/VOOG: PERSOONLIKE INLIGTING

PRIMÊRE OUER/VOOG: ALLE KOMMUNIKASIE WORD AAN ONDERSTAANDE OUER

Ouertipe :	Biologies	Aangeneem	Voog	Stiefouer	Ander
Volle name					
Van					
Geslag :	Manlik		Vroulik		
S.A. Burger	Ja		Nee		
ID-nommer					
Huwelikstaat : **(merk waar van toepassing)**	Getroud ☐ Ongetroud ☐ Geskei ☐ Wewenaar/Weduwee ☐				
Beroep :					
Naam van werkgewer :					
Telefoon :	(w)	(h)			
Kommunikasie Keuse :	Sms		E-pos		Albei
Selfoon :					
E-posadres :	1)				
	2)				
Adrestipe :	Straat		Woonstel		Plaas		Plot	
Woonadres :					
	Poskode :				
Posadres : (Voltooi slegs as verskil van woonadres)					
	Poskode :				

2DE OUER/VOOG

Ouertipe :	Biologies	Aangeneem	Voog	Stiefouer	Ander	
Volle name						
Van						
Geslag :	Manlik		Vroulik			
S.A. Burger	Ja		Nee			
ID-nommer						
Huwelikstaat : **(merk waar van toepassing)**	Getroud ☐ Ongetroud ☐ Geskei ☐ Wewenaar/Weduwee ☐					
Beroep :						
Naam van werkgewer :						
Telefoon :	(w)		(h)			
Kommunikasie Keuse :	Sms		E-pos		Albei	
Selfoon :						
E-posadres :	1)					
	2)					
Adrestipe :	Straat		Woonstel		Plaas	Plot
Woonadres :						
	Poskode :					
Posadres : (Voltooi slegs as verskil van woonadres)						
	Poskode :					

G. MEDIESE INLIGTING

Huisdokter Naam		Huisdokter nr.	
Huisdokter Adres			
Naam van mediese fonds		Mediesefondsnommer	
Hooflid (Naam en van)			
In geval van 'n noodsituasie dui asseblief die kontakpersoon en telefoonnommer aan.			
Kontakpersoon		Telefoonnommer	
Enige siektes/gebreke/allergieë/operasies. Gebruik hy/sy tans medikasie? Wat en waarvoor?			

H. LEERDERONDERSTEUNING

Leerderondersteuning:	Ekstra tyd	JA		NEE	
	Voorleser	JA		NEE	
	Transkribeerder	JA		NEE	
Psigometriese toetse en verslae:	Is verslae aangeheg?	JA		NEE	

I. KERKVERBAND

J. DUI ASSEBLIEF AAN

Het u TANS kinders in Höerskool Bellville?	JA		NEE	
Name van broers/susters:			GRAAD	
Het u broers/susters in die VERLEDE by Hoërskool Bellville gehad?	JA		NEE	
Noem die broers en susters.				

Persoon verantwoordelik vir skoolgeld.	**MOEDER**		**VADER**		**BEIDE**	
E-posadres vir skoolgeldrekening.						

INDIEN HIERDIE ONDERNEMINGSVORM GE-EPOS WAS MOET U ASSEBLIEF DIE OORSPRONKLIKE BY DIE SKOOL INHANDIG

ONDERNEMING VAN OUER / VOOG

1. Ons/Ek, die ondergetekende Rekeningpligtige (ouer/voog) aanvaar hiermee ongekwalifiseerd en onvoorwaardelik die toelatingsbeleid en voorwaardes van die skool.
2. Ons/Ek (ouer/voog) verklaar namens ons/my en die leerder/s dat ons die visie, missie, doelstellings en die skoolbeleid van die skool te alle tye onderskryf, handhaaf, beskerm en dat ons, ons onderwerp aan al die toelatingsvereistes, tugmaatreëls en ander skoolreëls.
3. Ons/Ek (ouer/voog) namens die leerder/s aanvaar hiermee die kultuur verbonde aan die skool soos verwoord in sy visie/missie en gee toestemming dat die leerder/s mag deelneem aan enige sport-/kultuuraktiwiteit en skoolbedrywigheid soos daarin omvat.
4. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel word in die skool toegepas wat ten inhoud het dat elke leerder/s onderrig ontvang wat rekening hou met sy/haar bekwaamheid, aanleg en belangstelling binne die uitsluitlike diskresie van die skool in konsultasie met die ouers.
5. Die Beheerliggaam van die skool behou volle reg van toegang tot die skool voor en behou ook die reg voor om enige leerder/s toegang tot die skool te weier sonder om redes van enige grond te vermeld, met dien verstande dat die gronde vir sodanige weiering nie gebaseer sal wees op enige element wat die uitwerking sal hê dat dit sal neerkom op diskriminasie ten opsigte van ras, geslag of diskriminasie in die algemeen soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.
6. Ons/Ek (ouer/voog) aanvaar dat die toelating van nuwe leerders geskied met inagneming van die behoud van tradisionele waardes en etos van die skool, beskikbare plek in die skool, geografiese gebied, ouderdomsbeperkinge en ander keuringsvereistes wat van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam bepaal word.
7. Die Beheerliggaam en die skool behou die reg voor om enige leerder/s se toelating tot die skool terug te trek en sodanige leerling te skors uit die skool met dien verstande dat sodanige skorsing sal plaasvind in terme van die relevante Regulasies van die Wes Kaapse Departement van Onderwys.
8. Die leerder/s moet inpas by die natuurlike chronologiese ouderdom van die leerder/s groep waartoe toegang verlang word en sal bepaal word met inagneming van die relevante Wetgewing en Regulasies daarkragtens uitgevaardig.
9. Aanvaarbare amptelike bewys van goeie gedrag en/of bevredigende vordering van vorige skole/inrigtings moet op aanvraag gelewer word, indien versoek.
10. Ons/Ek (ouer/voog) is verantwoordelik vir die betaling van die skoolgelde en onderneem om die skoolgelde stiptelik te betaal op die grondslag soos ooreengekom. Indien ons/ek (ouer/voog) wat verantwoordelikheid vir die betaling van skoolgelde aanvaar het, in terme van hierdie ooreenkoms, sou weier en/of versuim om sodanige skoolgelde te betaal, sal die ander ouer/voog van die leerder/s aanspreeklik word vir betaling van sodanige fondse en sal alle bepalings met betrekking tot hierdie ooreenkoms insgelyks op sodanige ouer van toepassing raak. Indien 'n leerder/s skool bywoon vir langer as een week, sal ons/ek (ouer/voog) ipso facto aanspreeklik wees vir skoolgeld.
11. Ons/Ek aanspreeklik sal wees vir die stiptelike betaling van onderriggelde, wat uit hoofde van ons verbintenis met die Skool betaalbaar is en van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam bepaal word. Indien daar versuim word om die nodige skoolgelde te betaal soos ooreengekom is die betrokke jaar se volle skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar, rente teen die koers soos voorgeskryf op die totale bedrag uitstaande kan gevoeg word tot die rekening.
12. Sodanige nie-presterende ouer/voog sal aanspreeklik wees vir alle invorderingskostes en fooie op 'n skaal soos tussen 'n Prokureur- en eie-kliënt, spesifiek met betrekking tot kostes ten opsigte van opsporing asook soos voorsien in die Skuld Invordering Wet van 1998, en enige ander fooie en kostes reeds aangegaan of wat in die toekoms aangegaan mag word.
13. Ons/Ek (ouer/voog) van die leerders kies hiermee die adres soos in die bygaande Betalingswysevorm vermeld as domicillium citandi et executandi vir alle doeleindes van moontlike kennisgewing wat aan ons/my (ouer/voog) gerig moet word, en verder stem ons/ek in dat die eposadres(se), selfoonnommer en/of faksimilee nommer(s) soos voorsien gebruik kan word vir die lewering van amptelike kennisgewings. Enige verandering daarvan sal deur ons/my (ouer/voog) skriftelik aan die skool oorhandig word.
14. Terugbetaling van pro-rata skoolgelde wat jaarliks vooruitbetaalbaar is, sal slegs weens verhuising of ander redes wat deur die hoof aanvaar word, oorweeg word. Geen maandelikse skoolgelde sal egter op 'n pro-rata basis terugbetaal word nie.
15. Ons/Ek (ouer/voog) aanvaar hiermee dat daar skoolreëls van tyd tot tyd deur die skoolhoof, personeel en beheerraad afgekondig word, wat van toepassing is op die onderskeie leerders. Ons/Ek (ouer/voog) aanvaar hiermee namens ons/my en die leerder/s sodanige skoolreëls, wat van toepassing is op die onderskeie leerders. Ons/Ek (ouer/voog) aanvaar hiermee namens ons/my en die leerder/s dat sodanige skoolreëls, sonder uitsondering van enige reël, op die leerder/s van toepassing sal wees en aanvaar en onderwerp die leerder/s aan sodanige skoolreëls.
16. Indien enige skade deur 'n leerder aan die skoolgeboue, toerusting of andersins aangerig word, hetsy nalatig of opsetlik, aanvaar ons/ek (ouer/voog) hiermee onvoorwaardelik aanspreeklikheid van sodanige skade en onderneem om die skool skadeloos te stel ten aansien van die herstel en/of vervangingskoste van sodanige skade.
17. Alle persone en kinders wat die skoolterrein betree, hetsy gemagtig of nie, doen dit geheel en al op eie risiko en sodanige persone onderneem om die reëls en regulasies van die skool stiptelik na te kom.

18. **Die reg van toegang tot die skoolterrein en persele word ten alle tye voorbehou.**

19. **'n Sertifikaat van die bedrag van skoolgelde wat verskuldig en betaalbaar is, welke sertifikaat deur die hoof van die skool onderteken is, sal prima facie bewys wees van die opeisbaarheid en verskuldigheid van enige bedrag betaalbaar ten aansien van skoolgelde. Die aanstelling van sodanige ondertekenaar hoef nie bewys te word nie.**

20. **Indien ons/ek (ouer/voog) of verantwoordelike persoon vir betaling van die rekening sou versuim om 'n adresverandering skriftelik aan die skool te verskaf, sal sodanige ouer/voog verplig wees om die koste ten aansien van enige opsporingsagente te vereffen.**

21. **Ons/Ek (ouer/voog) van die leerders, dra hiermee die tugbevoegdheid as ouer oor aan die hoof van die skool met die mag van delegasie met dien verstande dat sodanige tugbevoegdheid ten alle tye redelik uitgeoefen sal word.**

22. **Die verpligte jaarlikse skoolgelde betaalbaar aan die skool, sal jaarliks deur die Beheerliggaam in ooreenstemming met die skool se bestaande praktyke vasgestel word, en ons/ek (ouer/voog) aanvaar hiermee onvoorwaardelik dat sodanige bedrag betaalbaar sal wees.**

23. **Ons/Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ons/ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing in geval van besering. Ons/Ek dra ons/my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger, indien mediese behandeling /chirurgiese ingreep van my kind nodig mag wees. Sover ek weet is hy/sy fisies in staat om aan aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.**

24. **Die ouer/voog stem toe en magtig die skool, om:**
a. enige kredietverskaffer (of potensiële kredietverskaffer) of geregistreerde kredietburo te kontak of van hulle enige informasie aan te vra of te verkry, met die bedoeling om die gedrag, profiel, betalingspatrone, verskuldigings, kredietwaardigheid of waar die ouer/voog tans woon, vas te stel of te bevestig; en
b. enige informasie aangaande die gedrag, profiel, betalingspatrone, verskuldigings, kredietwaardigheid of waar die ouer/voog tans mag woon aan enige geregistreerde kredietburo of enige kredietverskaffer (of potensiële kredietverskaffer), te voorsien wat 'n handelsverwysing versoek in verband met die ouer/voog se handelinge teenoor die skool.

25. **Die ouer/voog erken dat die skool sy/haar en die leerder se persoonlike inligting en foto's insamel, gebruik en verwerk vir die volgende doeleindes:**
a. vir gebruik tydens die aansoekproses en die sluit van hierdie ooreenkoms;
b. om hulle verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms na te kom;
c. vir die voortsetting van hulle wettige belange;
d. vir die algemene administrasie van die verhouding tussen die partye.

26. **Ons/Ek onderneem om my finansiële verpligtinge na te kom.**

Ons/ek verklaar dat ons/ek die vorm volledig voltooi het en dat die besonderhede hierin verskaf waar en korrek is.

Geteken te Bellville op hierdie _____dag van 20 _____

Handtekening van Vader/Voog: _____

ID nommer van Vader/Voog: _____

Handtekening van Moeder/Voog: _____

ID nommer van Moeder/Voog: _____